PROVINSIE VRYSTAAT

# PROVINSIALE KOERANT

# PROVINCIAL GAZETTE

FREE STATE PROVINCE

*Uitgegee op Gesag* *Published by Authority*

**No. 48**

**BLOEMFONTEIN, 06 JUNIE 2003**

**BLOEMFONTEIN, 06 JUNE 2003**

## KANTOOR VAN DIE PREMIER

**No. 2** **06 Junie 2003**

Hierby word bekend gemaak dat die Premier die onderstaande Wet bekragtig het, wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:-

**No. 2 van 2003 : Wysigingswet op die Phakisa Korporasie vir Groot Sportbyeenkomste en Sportontwikkeling, 2003**

## OFFICE OF THE PREMIER

**No. 2** **06 June 2003**

It is hereby notified that the Premier has assented to the following Act, which is hereby published for general information:-

**No. 2 of 2003 : Phakisa Major Sport Events and Development Corporation Amendment Act, 2003**

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

[ ] Woorde in vetdruk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Phakisa Korporasie vir Groot Sportbyeenkomste en Sportontwikkeling, 1997, ten einde voorsiening te maak dat die werksaamhede, bevoegdhede en verantwoordelikhede van die direksie tydelik in die verantwoordelike Lid kan vestig; en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee in verband staan.**

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Vrystaat, soos volg:

*(Engelse teks deur die Premier bekragtig en geteken.)*

## Wysiging van artikel 5 van Wet 4 van 1997

**1.** Artikel 5 van die Wet op die Phakisa Korporasie vir Groot Sportbyeenkomste en Sportontwikkeling, 1997, word gewysig deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:

"(3) In die afwesigheid van 'n direksie, wat ingestel is ingevolge die bepalings van hierdie artikel, vestig die werksaamhede, bevoegdhede en verantwoordelikhede van die direksie, ondanks enigiets tot die teendeel vervat in hierdie Wet, vir 'n maksimum tydperk van 4 maande, in die verantwoordelike Lid."

**Kort titel**

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Phakisa Korporasie vir Groot Sportbyeenkomste en Sportontwikkeling, 2003.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

____ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

# ACT

**To amend the Phakisa Major Sport Events and Development Corporation Act, 1997, so as to make provision that the functions, powers and responsibilities of the board of directors may vest temporarily in the responsible Member; and to provide for matters incidental thereto.**

**BE IT ENACTED** by the Provincial Legislature of the Free State Province, as follows:-

*(English text assented to and signed by the Premier.)*

## Amendment of section 5 of Act 4 of 1997

**1.** Section 5 of the Phakisa Major Sport Events and Development Corporation Act, 1997, is amended by the insertion of the following subsection after subsection (3):

"(3) In the absence of a board of directors, which is constituted in accordance with the provisions of this section, the functions, powers and responsibilities of the board of directors vest, notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, for a maximum period of 4 months, in the responsible Member."

## Short title

**2.** This Act shall be called the Phakisa Major Sport Events and Development Corporation Amendment Act, 2003.